# SKOLBEDIENING: God het jou wonderlik gemaak

**Doel van les:**

- God het jou wonderbaarlik geskep. Hy het ons elkeen gemaak met 'n plan vir ons lewens en Hy is opgewonde oor ons.

**Praise and worship**

**Lawwe ysbreker:** Almal staan in 'n sirkel en kies die persoon wat die gelukkigste lyk. Daardie persoon gaan staan in die middel van die sirkel en moet na iemand wys, maar sy/haar eie naam sê. Die persoon na wie gewys het, moet dan weer in die middel kom staan en dieselfde doen na die volgende maat. Die wat reeds 'n beurt gehad het in die middel moet hulle arms vou sodat hulle nie weer gekies word nie. Die speletjie moet redelik vinnig gespeel word en gaan aan totdat almal 'n beurt in die middel gehad het.

Die volgende speletjies gaan met die les te doen hê en die kinders moet nou in groepe opgedeel word.

**Aktiwiteit 1**: Gee vir elke groep klei. Kyk wie kan in 3 minute die langste slangetjie maak.

**Aktiwiteit 2: Playdoh Pictionary.** Elke groep moet 3 kinders kies wat die "beeldhouers" gaan wees. Die eerste beeldhouers uit elke groep hardloop na die aanbieder en kry die eerste woord. Hulle moet teruggaan na die groep en sonder om 'n woord te sê uit die klei die item maak wat hulle gelees het op die blaai. Die groep wat eerste kan raai wat dit is, wen. Dan kom die volgende beeldhouers en doen dieselfde. Daarna die derde groep. Kyk watter groep het die meeste reg geraai.

**Aktiwiteit 3:** Elke groep kry nou so rukkie kans om 'n unieke skepping te maak. Dit kan 'n masjien wees of iets wat jy in die huis sal gebruik. Probeer oorspronklik wees. Dink Verimark advertensies. Die skepping moet 'n naam hê en spesifieke doel. Wanneer die tyd verstreke is, moet hulle kom wys wat hulle gemaak het en hoe dit werk.

**Les inhoud**: Het julle geweet dat die Bybel ook van klei praat? Jesaja 64:8 sê: Maar nou, Here, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van U hand. Net soos julle baie opgewonde was oor dit wat julle met die klei gemaak het en daardie uitvindsel 'n spesiale werk gehad het, net so opgewonde is God oor ons en het Hy 'n plan met ons elkeen se lewens. Jy is kunstig gemaak, God se meesterstuk.

**Videosnit: Wonderfully made**

Soos julle gesien het in hierdie clip, is ons elkeen 'n wonderwerk. Gaan vandag huistoe en weet dat God 'n plan met jou lewe het. Gaan vra vir Hom om die plan aan jou bekend te maak.

Sluit af met gebed.